

Die siele van gelowiges regeer saam met Christus vir 1000 jaar (OP20)

Openbaring 20:4-6 (lees Op 20:1-10)

29 November 2020

Laasweek het ons begin om te kyk na die sewende onderdeel van die boek Openbaring. In Op 20:1-3 het ons geleer dat die Satan gebind is vir 'n periode van 1000 jaar. Ons het gesien uit die res van die Skrif dat hierdie binding van die Satan plaasgevind het tydens Jesus se eerste koms. Die Satan word eers weer losgelaat aan die einde van die 1000 jaar. Die feit dat die Satan tans gebind is, beteken dat daar sekere dinge is wat die Satan nie kan doen nie: Hy het nie toegang tot die hemel nie. Hy kan nie gelowiges van God afrokkel nie. Hy kan nie die verspreiding van die evangelie stop nie. Hy kan ook nie die nasies bymekaar bring in opstand teen God nie. Gedurende hierdie 1000 jaar is die Satan wel aktief – maar net wanneer Christus hom toelaat, en dan kan hy alleen doen wat Hy toegelaat word om te doen.

Vandag gaan ons verder met hierdie onderdeel deur Op 20:4-6 te oordink. In hierdie verse volg daar meer detail oor die 1000 jaar periode, oftewel die millennium. Ek begin deur bloot op te som wat ons in hierdie 3 verse lees:

Johannes sê dat hy in hierdie visioen die volgende gesien het: Daar was trone (vers 4). Op hierdie trone het daar iemand gesit – dit was die siele van die mense wat onthoof is omdat hulle aan die getuienis van Jesus en die Woord van God vasgehou het (vers 4). Hulle word verder beskryf as die wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie, en wat ook nie die merk van die dier op hulle voorkoppe en hande aanvaar het nie (vers 4). Aan hierdie mense is die oordeel gegee (OAV) / die bevoegdheid om as regter op te tree (NAV) (vers 4). Hulle het lewend geword, deurdat hulle deel het aan die eerste opstanding (vers 4-5). Daar is vier gevolge vir hulle: (1) hulle is geseënd en heilig, (2) hulle sal nie deel hê aan die tweede dood nie, (3) hulle sal priesters vir God en Christus wees, en (4) hulle sal saam met Christus vir 1000 jaar regeer (vers 6).

Ek wil hierdie gedeelte beskryf deur na die volgende punte te kyk: (1) Wanneer realiseer die inhoud van hierdie visioen? (2) Waar realiseer die inhoud van hierdie visioen? (2) Wie is die wat saam met Christus regeer? (4) Wat is die gevolg vir die wat saam met Christus regeer?

Wanneer realiseer die inhoud van die visioen?

Beide die einde van vers 4 en van vers 6 maak dit duidelik dat hierdie visioen ook afspeel tydens die 1000 jaar periode, dus die millennium. Laasweek het ons heelwat tyd daaraan spandeer om te bewys dat die 1000 jaar periode het begin met die eerste koms van Jesus. Dit was met Sy eerste koms dat die Satan gebind is. Uit vers 3 en vers 7 is dit duidelik dat die 1000 jaar eindig wanneer die Satan vir 'n kort tydjie losgelaat word. Ons sal in meer detail daarna kyk wanneer ons na verse 7-10 kyk, maar let op dat vers 8 dit duidelik maak dit sal wees wanneer die nasies bymekaar kom vir die oorlog. Ons het tot dusver by twee geleenthede al van die oorlog gelees: In Op 11:7 het ons gesien dit gebeur aan die einde van die tyd wanneer die twee getuies hulle getuienis klaar gelewer het. In Op 16:14 het ons gesien dit was met die uitgiet van die sesde bak dat die konings bymekaar kom op die groot dag van God, die Almagtige, en hulle kom bymekaar by Armageddon. Dit maak dit dus duidelik dat die 1000 jaar periode begin met Jesus se eerste koms, en eindig kort voor Sy tweede koms.

Ons moet ook verstaan dat as die periode as 'n periode van 1000 jaar beskryf word, beteken dit nie 'n letterlike periode van 1000 jaar nie – 'n siening wat baie algemeen onder premillennialiste voorkom. Immers verstaan ons almal dat die engel in verse 1-3 nie met 'n letterlike ketting en 'n

letterlike sleutel kom om die Satan te bind nie, netsoos wat die Satan nie 'n letterlike draak is nie. Dit is alles simbole, daarom kan ons verwag die 1000 jaar is ook simbolies. Immers weet ons dit is nou al 2000 jaar, en dit is steeds nie verby nie. Hoekom word dit dan beskryf as 'n 1000 jaar? In Op 2:10 word die gemeente in Smirna gewaarsku dat hulle 10 dae lank gaan swaarkry. In Op 11:11 lees ons dat die twee getuies op die ou end doodgemaak sal word en hulle lyke sal 3 en 'n half dag in die hoofstraat lê. Boonop, wanneer Babilon val, lees ons dat dit binne 'n uur gebeur. Duidelik moet ons raaksien dat hierdie 1000 jaar periode is ver meer beduidend as enige van hierdie ander periodes – heelwaarskynlik baie langer, maar ook veel heerliker. Verder is 1000 ook 10x10x10, wat weereens op volheid dui. God sal in hierdie periode bereik presies wat Hy wil.

Waar realiseer die visioen?

In vers 4 lees ons dat Johannes trone sien. Nou, in Openbaring word daar baie keer van trone gepraat. Met die uitsondering van een geval (Op2:13 waar gepraat word van die troon van die Satan, wat duidelik nie hier ter sprake is nie), is al die ander trone waarvan gepraat word in die hemel. Dink maar byvoorbeeld aan daardie hemelse troonvisioen wat in Op 4 en 5 beskryf word. Boonop lees ons daar dat rondom God se troon, was daar nog 24 ander trone, waarop die 24 ouderlinge sit – wat juis die verteenwoordigers van die kerk deur die eeue is. Ons sou dus verwag dat hierdie trone in die hemel is.

Ons lees ook in vers 4 dat dit die siele is van die mense wat onthoof is wat op die trone sit – let op: hulle siele, nie hulle siele en liggame nie. In Op 6:9 het ons ook gelees van die siele van die gelowiges. Hulle was ook die wat doodgemaak was vir hulle geloof, en hulle siele het onder die altaar bymekaar gekom – wat natuurlik in die hemel is.

Verder lees ons aan die einde van vers 4, dat hierdie siele saam met Christus regeer. Wel, waar is Christus gedurende hierdie 1000 jaar periode wat begin met Sy triomftog, oftewel hemelvaart, tot met Sy wederkoms? Natuurlik in die hemel, soos wat Op 5 se hemelse troonvisioen ook bevestig. Ons moet dus die gevolgtrekking maak, die visioen speel af in die hemel, gedurende die tyd waarin ons tans leef. Weereens, dit is heeltemal anders as wat die meeste premillennialiste glo: hulle glo dit is 'n letterlike periode van 1000 jaar wat na die wederkoms van Jesus plaasvind fisies hier op die aarde.

Wie is die wat saam met Christus regeer?

Vers 4 beskryf hierdie mense op twee maniere: Eerstens word hulle beskryf as die siele van die wat onthoof is omdat hulle aan die getuies van Jesus en die Woord van God vasgehou het, m.a.w. dit is die siele van die martelare wat doodgemaak is a.g.v. hulle getrouheid, en dit verwys natuurlik na hulle na hulle afsterwe. Dit strook natuurlik met die siele van die gelowiges waarna Op 6:9 verwys. Tweedens beskryf vers 4 hulle ook as die wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie, en ook nie die merk van die dier aanvaar het nie. Dit is 'n beskrywing wat ons al dikwels raakgeloop het, en dit is natuurlik 'n beskrywing van die gelowiges. Natuurlik is hierdie beskrywing ook geldig van die Christen martelare. Die vraag is nou dit: Verwys vers 4 na mense Christen martelare is en ook nie dier aanbid het nie? Indien wel, beteken dit ons lees hier net van die martelare. Of verwys vers 4 na die wat gesterf het as martelare of wat nie die dier aanbid het nie? Indien wel, beteken dit ons lees hier van al die gelowiges. Ek is oortuig ons moet verstaan dat al die gelowiges hier ingesluit is, en die redes hiervoor is die volgende: (1) Vers 6 beskryf hierdie mense as priesters en konings. Beide Op 1:6 en 5:9-10 beskryf dat alle gelowiges deur Christus priesters en koning gemaak word (2) Vers 6 beskryf ook dat hierdie mense nie deel het aan die tweede dood nie, terwyl vers 14 en 15 leer dat die tweede dood geldig is vir almal wie se name nie in die boek van die lewe geskryf is nie. Dit

beteken die mense in hierdie visioen moet die wees wie se name wel in die boek van die lewe staan. (3) Dit is tog so dat alle gelowiges lyding sal verduur ter wille van hulle geloof in Christus as hulle enigsens getrou is – ja, almal word sekerlik nie doodgemaak a.g.v. hulle geloof nie, maar almal kan lyding verwag.

Maar let ook op hoe hierdie mense verder beskryf word: hulle het lewend geword omdat hulle deel het aan die eerste opstanding (vers 4-5), maar hulle is nie onder die mag van die tweede dood nie. Ons lees hier van 'n eerste opstanding en 'n tweede dood. Dit suggereer dat daar ook 'n eerste dood en 'n tweede opstanding moet wees – alhoewel dit nie so genoem word nie. Kom ons probeer dit uitredeneer:

Uit vers 14-15 is dit duidelik wat die tweede dood is – dit is waar die ongelowiges in die vuurpoel gegooi word, dit is m.a.w. die ewige dood, dit is 'n ewige geestelike dood. Dit is natuurlik nie iets waaraan die gelowiges deel sal hê nie, soos wat vers 6 dan ook sê.

Maar wat sal die eerste dood dan wees? Natuurlik moet dit die fisiese/liggaamlike dood wees aan die einde van ons aardse lewens. Immers lees ons hier van die siele van die martelare wat doodgemaak is. Dit is tog hulle liggaamlike dood waarvan gepraat word. Boonop lees ons in vers 5 van die ander dooies wat nie lewend geword het nie. Dit verwys na die ongelowiges wat ook liggaamlik gesterf het. Dus: die eerste dood is die fisiese/liggaamlike dood. Beide gelowiges en ongelowiges het deel daaraan. Die tweede dood is egter die vuurpoel dood, die ewige geestelike dood. Net die ongelowiges het deel daaraan, nie die gelowiges nie.

Kom ons kyk na die eerste opstanding. Volgens vers 5 is dit alleenlik vir die gelowiges, en nie vir die ongelowiges nie. Maar let op wat vers 5 sê: die ongelowiges word wel lewend aan die einde van die 1000 jaar. Wel, hierdie opstanding van die ongelowiges aan die einde van die 1000 jaar, moet dan sekerlik die tweede opstanding wees. Dit kan nie 'n geestelike opstanding wees nie, want dit is wanneer hulle die geestelike dood, die tweede dood ontvang. Die tweede opstanding moet dus 'n fisiese/liggaamlike opstanding wees, waaraan die gelowiges natuurlik ook deel het. Dus: die eerste opstanding is 'n geestelike opstanding voor die einde van die 1000 jaar, waaraan net die gelowiges deel het. Die tweede opstanding is 'n fisiese/liggaamlike opstanding aan die einde van die 1000 jaar waaraan die gelowiges sowel as ongelowiges deel het.

Meeste premillennialiste sal van my verskil. Een van hulle besware is dat as vers 5b duidelik praat van fisiese/liggaamlike dooies wat fisies/liggaamlik lewend word, dan moet die eerste opstanding ook 'n liggaamlike opstanding wees. Gevolglik sien hulle die 1000 jaar as 'n fisiese gebeurtenis hier op aarde. Maar kyk na die volgende bewyse uit die res van die Skrif wat die amillennialistiese interpretasie steun:

- Rom 6:4-5: “Deur die doop is ons immers saam met Hom in Sy dood (*Christus – liggaamlik, ons geestelik*) begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood (*Christus – liggaamlik*) opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe (*ons – geestelik*) kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in Sy dood (*Christus – liggaamlik, ons – geestelik*), sal ons sekerlik ook met Hom een wees in Sy opstanding (*Christus – liggaamlik, ons geestelik*)” Duidelik het Paulus hier geen beswaar om te wissel tussen liggaamlik en geestelik nie.
- Joh 5:24-29: Volgens vers 24 het gelowiges nou alreeds die lewe – natuurlik verwys Jesus hier na die ewige geestelike lewe, ons sou kon sê in terme van Op 20 terme – gelowiges het nou reeds deel aan die eerste opstanding. Volgens vers 28 kom daar 'n toekomstige tyd wanneer almal wat in die grafte is (dus liggaamlik dood), sal opstaan. Wanneer is dit in Op 20 terme? Aan die einde van die 1000 jaar. Hierdie is 'n fisiese/liggaamlike opstanding, oftewel die tweede opstanding

waaraan gelowiges en ongelowiges deel sal hê. Vers 29 voeg egter by dat die wat verkeerd doen sal opstaan (fisies, liggaamlik, die tweede opstanding), maar dan veroordeel word – hulle gaan dus die tweede dood in.

Kan ek opsom: Almal, gelowiges en ongelowiges, het deel aan die eerste dood – die fisiese, liggaamlike dood. Almal, gelowiges en ongelowiges, het deel aan die tweede opstanding – die fisiese, liggaamlike opstanding. Net die gelowiges het deel aan die eerste opstanding – die geestelike opstanding, wat al in hierdie lewe plaasvind volgens Joh 5, en geldig is met hulle fisiese dood volgens Op 20, wat tot gevolg het dat hulle op die trone in die hemel eindig. Daarteenoor, het net die ongelowiges deel aan die tweede dood, wat die ewige, geestelike dood is in die vuurpoel.

Wat is die gevolg vir die wat saam met Christus regeer?

Ons het nou alreeds gesien dat hierdie mense die gelowiges is, en dat hulle siele met hulle fisiese dood na die hemel gaan waar hulle sal wees vir die res van die 1000 jaar totdat Christus weer kom. Vers 6 beskryf dit egter nog meer breedvoerig. Ons lees vier gevolge vir hulle:

- Hulle is geseënd en heilig. Ons het in Op 19:9 ook al dieselfde gelees: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is. Natuurlik is dit 'n seën om daarna te mag uitsien om aan die einde van hierdie lewe op 'n troon in die hemel te wees – rondom God se troon. Maar natuurlik is hierdie mense ook heilig – immers is dit alleenlik heiliges wat in die teenwoordigheid van die Heilige God mag kom. Maar onthou, ons het nou al verskeie kere gelees dat hierdie mense wit klere dra. Op 6:11 het dit al beskryf met die oopmaak van die vyfde seël. Ons het dit gesien in die bruilofsklere van die wat na die bruilofsmaal van die Lam genooi is. Ons het gesien dat die hemelse leër wat saam met die Ruiters op die wit perd kom, ook wit klere dra.
- Die tweede dood het ook geen mag op hierdie mense nie – soos wat ons dit hierbo beredeneer het. Verstaan jy die implikasie hiervan vir gelowiges? Wanneer jy hier fisies sterf, eindig jy daar. En al mag dit nog duisende jare neem voordat die duisend jaar om is, en die oordeelsdag dus aanbreek, kan jy met vrymoedigheid daardie dag tegemoet gaan. Omdat jy deel gehad het aan die eerste opstanding, wat eintlik al in hierdie lewe realiseer wanneer jy tot geloof kom, word dit klinkklaar bevestig met jou afsterwe deurdat jy hemel toe gaan. Almal wie se siele hemel toe gaan, is vry van die tweede dood, die ewige dood in die vuurpoel. Kan ek dit plat uitdruk: hulle bekommer hulle nie meer of hulle dalk in die vuurpoel gegooi gaan word met die finale oordeel nie.
- Hierdie mense sal priesters vir God en Christus wees. Kan ek jou herinner aan wat ons verantwoordelikheid is as priesters? Rom 12:1: “Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is”. Lewende offers – wat deel het aan die eerste opstanding en dus geestelik lewe, heilige offers wat gekenmerk word deur daardie wit klere, offers aanneemlik vir God, m.a.w. hulle doen wat God wil. Wat is dit wat God wil? Dat Sy Naam verheerlik sal word. Onthou jy wat ons al tot dusver gesien het hierdie priesters gaan doen daar in die hemel?
 - Op 7:9-10 – 'n Groot menigte staan voor die troon en voor die Lam. Hulle het wit klere aan en palmtakke in hulle hande. Hulle roep hard uit: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!”
 - Op 14:2-3 – Daar is 144 000 mense saam met die Lam op Sionsberg. Dit klink na 'n groot watermassa, soos die gedreun van swaar donderweer, soos die geluid van sitterspelers wat op hulle sitters speel – en hulle sing 'n nuwe lied, daar voor die troon!
 - Op 15:2-4 – Daar by die spieëlgladde see met vuur daarin, by God se troon, staan die mense wat die oorwinning behaal het. Hulle staan daar met hulle sitters, en hulle sing die Lied van Moses en die Lam: “Groot en wonderbaarlik is U dade, Here God, Almagtige.

Reg en betroubaar is U optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat U handelwyse regverdig is.”

- Op 19:1-8 – ‘n Groot menigte in die hemel wat uitroep: “Halleluja, die oorwinning, die heerlikheid en die mag behoort aan ons God! Regverdig en reg is Sy oordele, want Hy het die oordeel voltrek oor die sedelose vrou wat die aarde deur haar onsedelikheid verwoes het. Hy het die dood van Sy dienaars op haar gewreek.” “Halleluja, haar rook styg tot in alle ewigheid op.” “Halleluja! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning. Laat ons bly wees en juig, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en Sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak”
- Hulle gaan ook saam met Christus heers gedurende die 1000 jaar. Sien jy hoe daardie belofte van Eks 19 waar word: As julle My gehoorsaam, sal julle ‘n koninkryk wees wat My as priesters dien, ‘n heilige nasie. Wel hier is die geseënde, heilige priesters en konings. In watter opsigte gaan die gelowiges dan heers as konings? Laasweek het ons in Op 19 gesien Jesus is die Koning van die konings, en Hy voer oorlog saam met Sy hemelse leër. Wel, die gelowiges is deel van daardie hemelse leër. As Koning kom die Ruiters op die wit perd om te oordeel. Ons het laasweek gesien hulle neem daaraan deel, deurdat hulle getuie is inbring teen die ongelowiges tydens die oordeel. Maar daar is nog ‘n sin waarin hulle heers. In Op 6:10 het ons gelees dat hulle vra: “Hoe lank nog, heilige en Getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?” Hulle bid dat Christus sal oordeel. Daarmee bevestig hulle dat hulle oortuig is Hy moet dit doen, en boonop dat Sy oordeel regverdig is. Deur hulle gebede moedig hulle Christus aan om te doen wat juis deel van God se raadsplan is. Ek dink al hoe meer ons gebede is ‘n belangrike deel van ons rol as konings – dis hier waar ons ons behoort te beywer vir die uitwerk van God se plan.

Indien jy ‘n ongelowige is: Ken ek jou vra: Wil jy Dannie ook deel wees hiervan nie? Bekeer jou dan, en kry deel aan die eerste opstanding. Anders wag die tweede dood vir jou.

Indien jy ‘n gelowige is: Kan ek jou vra: Is jy opgewonde oor al hierdie vooruitsigte wat wag? Die verstommende is dat al mag dit dalk waar wees dat die wederkoms nog millennia weg mag wees, weet ons dat hierdie dinge nie verder weg is as ons sterfdag nie. Wie weet, dit mag dalk net om die draai wees!